**Woensdag 11 Julie**

| **Skrifgedeelte: Matteus 5:33-37** | **Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:31; Heidelbergse Kategismus Sondag 36:99** |
|---|---|

# Gebruik God se Naam tot sy eer

Die Kategismus lys drie maniere waardeur ons God se Naam kan laster of misbruik. Terwyl die eerste twee voor die handliggend is, word ons tog baie maal gedwing om 'n eed af te lê (te sweer): in die hof, met die ondertekening van kontrakte, en selfs met huweliks-bevestigings. Die reg of verkeerd daarvan word in Sondag 37 behandel.

Matteus 5:37 gee wel vir ons die probleem met eedswering: "Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose." Ons het hier te make met die eeue-oue stryd tussen die waarheid en die leuen. Mense probeer gewig gee aan wat hulle sê deur God en sy skepping daarby te betrek. Dit is waarteen Sondag 36:99 van die Heidelbergse Kategismus waarsku.

Ons belydenis gaan egter nog dieper: "Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie …" Dit is die kruks van die saak! Ook ons ge-bruik van God se Naam moet tot sy eer strek. Ook dit wat ek in sy Naam doen, met ander woorde alles wat ek doen en sê as iemand wat aan God behoort, moet streef om sy eer voorop te stel.

Waarheid is dus ononderhandelbaar. Of ek onder eed staan en of ek langs die braai-vleisvuur staan, moet alles wat uit my mond kom, waarheid wees. Of ek by die werk is of langs die rugbyveld, moet alles wat ek doen, waarheid wees. God se Naam moet ook "in al ons woorde en werke geprys word". Dit kan ons alleen maar doen as ons vashou aan die Waarheid wat in ons woon en werk.

*Sing: Psalm 51-1:3, 4*

*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*